

Uitstaller Aansoekvorm

Liggies vir Lewe-Fees - 2019



30 November 2019 – 5 Desember 2019

1. Voltooi die aansoekvorm en maak seker jy verstaan die Bepalings en Voorwaardes.
2. Stuur jou voltooide aansoekvorm na: ngpparkkomm@mweb.co.za
3. **Alle aansoeke sluit 11 Oktober 2019** – geen uitsonderings.
4. Geen aansoekvorm word aanvaar sonder R250 deposito nie.
5. Indien jou aansoek suksesvol is, word die uitstaande bedrag vir jou stalletjie betaal. Jou uitstalruimte word slegs verseker indien die volle bedrag teen 31 Oktober betaal is.
6. Indien u nie suksesvol is nie, word die R250 aan u terugbetaal.

Aansoeker naam en van: _____

Naam van besigheid: _____

Kontakbesonderhede Telefoon: _____

Eposadres: _____

Produk/te beskrywing: _____

Bv: kos, tuisgebak, roomys, handwerk, klere, juwele – asook beskrywing

Foto's aangeheg: Ja / Nee

Uitstalruimte: Merk die uitstalruimte waarvoor jy aansoek doen vir 30.11.19 – 05.12.19

Vereiste	Koste	Deposito	Uitstaande bedrag
3x3	R 1 000		
6x6	R 1 800		
Kos	R 1 500		
Kragpunt	R 300		
Staaltafel	R 100		
TOTAAL			

Kragvereistes: _____

Opmerkings: _____

BEPALINGS EN VOORWAARDES

1. Die sluitingsdatum vir alle aansoeke is 11 Oktober 2019. Geen aansoeke word aanvaar sonder 'n R250 deposito nie. Indien jou stalletjie goedgekeur word, is die volle bedrag betaalbaar.
2. Suksesvolle/afgekeurde applikante word per epos in kennis gestel, teen nie later as 7 November 2019 nie. Indien u stalletjie nie goedgekeur is nie, word u deposito dan aan u terugbetaal.
3. Alle aansoekvorms moet foto's en beskrywings van produkte vergesel. Geen ander produkte word tydens die fees toegelaat nie. Omdat ons alle stalletjies evalueer op grond van die produkte wat by die fees aangebied gaan word, mag stalletjies onder geen omstandighede ander produkte ook aanbied nie. Ons wil sover moontlik duplikasie van produkte beperk.
4. Alle inbetalings word soos volg gedoen:
 - a. EFT betaling: NG Proteapark; Absa Tjekrekening: 1220 580 683
(Tak: Rustenburg; kode: 632 005)
 - b. Verwysing: Lfees/Uitstallernaam/dep (vir deposito's)
Lfees/Uitstallernaam/Uitstaande (vir die uitstaande bedrag)
 - c. ***Geen ander kostes of kommissie word op 'n stalletjie gevorder nie.
5. NG Proteapark doen alle plasinge van stalletjies soos dit betaal word. NG Proteapark behou ook die reg om stalletjies rond te skuif. Stalletjiehouers mag nie spasies onder mekaar rondskuif sonder die goedkeuring van NG Proteapark nie.
6. Dis elke stalletjiehouer se verantwoordelikheid om hul stalletjie netjies te hou deur die verloop van die fees.
7. Alle kosstalletjies moet voldoen aan die munisipale regulasies, en dokumentasie moet ingesluit word by die aansoekvorm. Alle kosstalletjies moet 'n brandblusser hê tydens die fees.
8. Kragvereistes moet jou aansoekvorm vergesel en goedgekeur word deur NG Proteapark se terreinbestuurder.
9. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik om hul eie kragverlengings en kragproppe te voorsien – neem kennis dat alle kables deur NG Proteapark se terreinbestuurder goedgekeur moet word.
10. Neem asb kennis dat ons geen beheer oor Eskom se beurtkrag het nie. Die kerk het 'n kragopwekker wat tydens die fees beskikbaar sal wees en sal poog om alle stalletjiehouers te akkommodeer. Maar ons kan ongelukkig nie kragvoorsiening waarborg onder hierdie omstandighede nie.
11. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik vir hul eie stoele, tafeldoeke, liggies, gazebo's ens.
12. Omdat dit 'n Liggiefees is, moet alle stalletjies met liggies opgemaak wees. Pryse word aangebied vir uitstallers wat baie moeite doen om hulle stalletjies te versier.
13. URE: Alle stalletjies moet tussen 16:00 en 21:00 oop en beman wees.
14. Alle nodige maatreëls sal getref word ten opsigte van veiligheid en sekuriteit, maar NG Proteapark neem geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese nie.
15. Staaltafels en kragpunte is onderhewig aan beskikbaarheid.
16. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik vir hul eie akkommodasie en -koste tydens die fees. Niemand mag op die kerkterrein tydens die feestydperk oornag nie. Maak asb vroegtydig voorsorg.
17. Stalletjiehouers moet Donderdag, 28 November of Vrydag, 29 November hulle stalletjies kom oprig. Finale afronding word op Saterdagoggend, 30 November gedoen. Maak asb vroegtydig met Christel Herbst reëlings indien jy enigsins onseker is. Die fees begin Saterdag om 14:00.
18. Geen stalletjies mag alkohol of koeldrank verkoop nie. Alle koeldrankverkope word deur NG Proteapark self gedoen.
19. NG Proteapark is verantwoordelik vir die bemaking van die fees. NG Proteapark neem egter geen verantwoordelik vir produkte wat nie verkoop word nie, en kan geensins waarborg dat spesifieke produkte verkoop gaan word nie. Laasjaar was daar ongeveer 2500 feesgangers, en ons poog om genoeg mense bewus te maak van die fees.
20. Vir verdere navrae, kontak gerus vir Christel Herbst by ngpparkkomm@mweb.co.za